

7 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-9
Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:3 (OAV)

Loflied op die grootheid van God

Hoe groot is God tog nie!

Groot in die geskiedenis van sy verbondsvolk.

Groot in sy verskyning aan sy verbondsvolk.

Groot in sy verlossing van sy verbondsvolk.

Groot in sy opvoeding van sy verbondsvolk.

Sal ons dan nie saam met Moses sing nie: "Gee grootheid aan onse God"!

Nee, ons kan God nie groot maak nie. Sy wese is die grote, alwyse, almagtige God. Maar ons moet dit in ons lewe in die geloof in Christus sien en beleef en erken. Dieselfde Verbondsgod van Israel is deur ons Verbondshoof Christus ook ons God. By ons God is daar nie 'n skaduwee van omkering nie, alleen maar getrouheid. Ook in die 150 jaar geskiedenis van die Gereformeerde Kerkeverband. Ook vir die toekoms. Gee grootheid aan ons God! Laat die eer en roem en heerlikheid Hom toekom.

Ons moet dit ook bely, selfs in ons diepste smarte en hartseer in hierdie sondebedeling. In ons diepste rou en in ons grootste vreugde. Wat die toekoms ook mag bring, laat die loflied tot ons grote God nie swyg nie. Nie maar net in 'n tyd van feesvier nie, maar ook in die stryd van elke dag in hierdie sondebedeling. Ja, God bring sy volk in die smeltkroes soos dit met Israel in die woestyn gegaan het. Maar Hy bly die God van die verbond wat sy beloftes nooit ontrou word nie, selfs deur sy tugtiginge heen.

Is dit dan nie die grote God wat hierdie kerkverband 150 jaar gelei het tot hier nie? Roep dan die Naam van die Here uit: "Gee grootheid aan ons God!" Sy werk is groot en goed. In die verlede. In die hede. In die toekoms, tot in ewigheid.

Ds AJ Coetsee (Emeritus)

